

1	GEBED
----------	-------

Bid vir die leiding van God se Gees, vir bewuswording van Sy teenwoordigheid en vir die luister na Sy stem. Wy hierdie les oor dissipelmaking aan die Here toe.

2	DEEL (20 minute)	<i>[STILTETYE]</i> HEBREËRS 1 - 3
----------	------------------	--------------------------------------

Maak beurte en vertel/deel (of lees) kortliks wat jy in een van jou stiltetye uit die voorgeskrewe Bybelgedeeltes geleer het (Hebreërs 1 - 3). Luister na die persoon wat deel, neem hom ernstig op en aanvaar hom. Moenie verder ingaan op wat hy deel nie.

3	MEMORISERING (5 minute)	<i>[SLEUTELVERSE IN JOHANNES]</i> (13) JOHANNES 13:34-35
----------	-------------------------	---

Repeteer twee - twee.

(13) Johannes 13:34-35. “Ek gee julle ’n nuwe gebod: julle moet mekaar liefhê. Soos Ek julle liefhet, moet julle mekaar ook liefhê. As julle mekaar liefhet, sal almal weet dat julle dissipels van My is.”

4	ONDERRIG (85 minute)	<i>[KERK OPBOUENDE BEDIENING]</i> ADVISERING EN BESLUITE
----------	----------------------	---

Inleiding. Hierdie onderrig gaan oor die beginsels en praktyk van advisering en beslissings maak. Mense stel vrae aan jou omdat hulle bepaalde besluite moet neem. Ons gaan leer hoe om advies/raad te gee en mense te help om hulle eie besluite, keuse of plan te maak. Ons leer ook hoe die ouderlinge (Christenleiers) in ’n Christengemeente of christelike organisasie besluite behoort te neem en keuses en planne behoort te maak op grond van die raad van ouderlinge (die kerkraad) of die bestuursraad. Vergelyk ook

- “Feite versamel vir advisering” in Handleiding 7, Supplement 10
- “Goeie planne maak” in Supplement 11.

A. LEER OM ADVIES TE VRA VIR JOU EIE BESLUITE, KEUSES EN PLANNE

Inleiding. Voordat ’n Christen ’n ander raadgee, sou hy eers moet leer om van ’n ander (deskundige) raad te vra vir sy eie besluite, keuses en planne. Die boek Spreuke bevat ’n groot aantal waarhede m.b.t. wysheid. Die volgende is drie wysshede m.b.t. die groot invloed wat die vra van goeie raad en die ontvang van goeie raad, kan hê.

1. ’n Christen vra raad om goeie besluite, keuses en planne te kan maak.

Lees Spreuke 15:22.

Ontdek en bespreek. Waarom sou ’n Christen leer om raad te vra?

Aantekeninge. ’n Christen behoort te leer om raad te vra sodat hy in staat sal wees om ’n goeie besluit, keuse of plan te maak. Spreuke 15:22 sê: “Waar daar nie beraadslaging is nie, slaag planne nie; dit slaag wanneer daar baie raadgewers is.” Alle mense maak besluite, keuses en planne. Maar nie alle mense maak goeie besluite, keuses en planne nie, omdat hulle dit maak sonder om raad van ander (ervare, deskundige of wyse) mense te vra. Hulle dink dat hulle alles (wat nodig is) weet en dat hulle niemand anders in die lewe nodig het nie. Maar God waarsku dat die planne van sulke mense sekerlik gaan misluk! Daarom kan die vrae en advies van ander mense jou help om oor verskillende aspekte van jou besluit, keuse of plan na te dink.

Elke besluit, keuse of plan wat gemaak word, *het gevolge!* Die gevolge kan goed of sleg wees of iets wat jy glad nie verwag het nie. Raadgewers help jou om na te dink oor die gevolge van jou uiteindelijke besluit, keuse of plan. Hulle kan jou help om ’n meer realistiese besluit te neem, om ’n wel-oorwoë keuse of beter plan te maak.

(1) Jou raadgevers in geestelike en morele sake moet altyd Christene wees.

As Christen is jy deel van die Liggaam van Christus en het jy die ander lede van die Liggaam nodig om op jou beste te kan funksioneer (1 Korintiërs 12:21). Jy het hulle vrae en advies nodig om jou besluit, keuse of plan onder die vergrootglas te plaas en die gevolge goed te oorweeg.

In alle geestelike en morele sake moet jou raadgewers wedergebore Christene, geestelik volwasse en godvresend wees omdat:

- nie-Christene (ongelowiges) nie “die dinge van die Gees van God” aanneem nie (1 Korintiërs 2:12-16)
- onvolwasse Christene nie tussen goed en kwaad kan onderskei nie (Hebreeërs 5:14)
- die Here optree teen dié wat kwaad doen. (1 Petrus 3:12).

(2) In ander sake mag jou raadgewers ook nie-Christen deskundiges wees.

As 'n Christen is jy ook deel van 'n nie-christelike samelewing en het jy ander mense in die samelewing nodig om op jou beste te kan funksioneer. In alle sake wat nie geestelik of moreel is nie, mag jou raadgewers ook (ervare, deskundige of wyse) nie-Christene wees, omdat jy hulle deskundigheid nodig het (byvoorbeeld, 'n nuwe kar koop).

Jy behoort raad van baie raadgewers te vra, omdat jy *feite* nodig het om 'n goeie besluit, keuse of plan te maak. Jy moet ook baie goed saam met hulle nadink oor *die gevolge* van jou uiteindelijke besluit, keuse of plan. Hoe beter jou raadgewers jou en jou situasie verstaan, des te beter sal hulle raad wees (Spreuke 27:23).

2. 'n Christen vra raad om sy verhouding tot God, tot mense en tot omstandighede te verbeter.

Ontdek en bespreek. Waarom sou 'n Christen raad vra?

(1) Jy vra raad om jou verhouding tot God te verbeter.

Lees Jesaja 30:1-2: “Wee die opstandige kinders, spreek die HERE, wat 'n plan uitvoer, maar dit is nie uit My nie; wat 'n verbond sluit, en dit is nie uit my Gees nie”. God waarsku jou om jou besluite, keuses en planne nie sonder Hom te maak nie! God wil hê dat sy volk Hom om raad vra en net deur sy Gees verdrae sluit en planne maak. Deur raad van God te vra en dit ook aan te neem, sal jy God se wil en sy doel ken. Dit lei tot 'n beter verhouding met God.

(2) Jy vra raad om jou verhouding tot ander mense te verbeter.

Lees Spreuke 19:20-21; Spreuke 14:22. Spreuke 19:20-2 “Luister na raad en neem tug aan, sodat jy uiteindelik wysheid kan hê. Baie planne is in 'n man se hart, maar die raad van die HERE, dié sal bestaan.” 'n Mens wat geen raad vra nie of vermaning in die wind slaan, is in God se oë 'n dwaas. Elke Christen behoort raad te vra en vermanings (instruksies) aan te neem. Spreuke 14:22 sê: “...wie goed doen, geniet liefde en trou.” Goeie planne maak jou slim, lojaal en liefdevol teenoor ander mense, veral hulle wat in jou planne voor kom.

(3) Jy vra raad om jou verhouding tot omstandighede te verbeter.

Lees Spreuke 28:14 sê, “Dit gaan goed met 'n mens wat altyd versigtig is; maar iemand wat moedswillig is, sal ondergaan.” Om raad te vra, verg nederigheid. 'n Mens wat sy hart verhard en nie raad vra nie, val in die kwaad. God weerstaan die hoogmoediges, maar aan die nederiges gee Hy genade” (1 Petrus 5:5). “Op hoogmoed volg ondergang, op selfverheffing volg die val” (Spreuke 16:18). Hou dus jou hart nederig; wees bereid om van andere te leer en dien die HERE. Wanneer jy na die raad van ander Christene luister, sal jou beslissings, keuses en planne ooreenstem met die wil van God en die doelwitte van God soos hulle in die Bybel geopenbaar word. As jy raad vra en goeie raad aanvaar, sal jy wegbly van die kwaad en beter met moeilike situasies kan omgaan.

3. 'n Christen bly verantwoordelik en is verantwoording verskuldig aan God vir sy besluite, keuses en planne.

Lees 2 Korintiërs 5:10.

Ontdek en bespreek. Waarom moet 'n Christen leer om verantwoordelikheid te neem vir sy eie besluite, keuses en planne?

Aantekeninge. Dit is nie goed as jy jou besluite, keuses en planne geheel en al laat afhang van die raad van ander mense nie. Dan sal jy hulle ook blameer wanneer hierdie beslissings/besluite, keuses en planne misluk! Jy bly altyd verantwoordelik vir jou eie besluite, keuses en planne en die gevolge wat dit het!

B. LEER OM FEITE TE VERSAMEL VIR WANNEER JY ADVIES GEE

Voordat jy 'n ander Christen raad kan gee, moet jy *leer om waar te neem, te luister en gepaste vrae te stel*. Eers nadat jy genoeg feite bymekaar gemaak het, is jy in staat om die beste raad te gee en ander te help om goeie besluite te neem. Vergelyk: “Feite versamel vir advisering (raadgewing/berading)”, Handleiding 7, Supplement 10.

C. LEER OM JOU EIE BESLUIE, KEUSES EN PLANNE TE MAAK

Inleiding. Besluite behels ook keuses en planne maak. Sommige besluite moet op grond van die duidelike onderrig en gebooie van God in die Bybel geneem word. Die besluit, byvoorbeeld, om nie te steel nie of nie te lieg nie, moet gebaseer wees op die Tien Gebooie. Maar ander besluite moet gebaseer word op God se wysheid in die Bybel en dit vereis meer inspanning om dit te maak. Die besluit, byvoorbeeld, om in die huwelik te tree, of 'n bepaalde beroep te aanvaar, word nie in die Bybel duidelik gegee nie. Dan is daar nog besluite wat gebaseer is op die omstandighede wat God op 'n soewereine wyse vir elke mens bepaal. Sulke besluite verg baie van ons houding enersyds en van ons reaksie andersyds, eerder as die vryheid om 'n besluit of keuse te maak.

1. God gee sy openbaring in die Bybel om besluite te maak in ooreenstemming met sy doelwitte.

Inleiding. Alles wat God as belangrik beskou vir Christene *om te weet, te glo, te doen of te wees*, is al in die Bybel geopenbaard! Om dus 'n beslissing, keuse of plan te maak wat op God se wil gebaseer is en God tevrede stel, moet 'n Christen leer om die Bybel te gebruik as basis vir sy besluite, keuses en planne. God se openbaring bestaan uit spesifieke onderrig (instruksies) en algemene onderrig (instruksies). Hierdie onderrig vorm die raamwerk waarbinne 'n Christen sy besluite, keuses en planne moet maak.

(1) Die spesifieke onderrig of God se morele wil.

Onderrig. God se spesifieke onderrig bestaan uit die spesifieke gebooe, verbodings en onderrig in die Bybel en word God se morele wil genoem. Hulle leer 'n Christen wat goed en wat sleg is, wat reg en wat verkeerd is in God se oë. God beveel alle mense om sy morele wil te gehoorsaam, ongeag wat hulle menslike kultuur, persoonlike voorkeure of gevoelens is. Alle mense moet kies tussen om God te gehoorsaam of nie te gehoorsaam nie. Soms wil 'n Christen God wel gehoorsaam, maar is onseker of 'n spesifieke instruksie gerig is tot alle mense, tot 'n bepaalde groep mense of tot 'n spesifieke individu.

- Voorbeelde van spesifieke onderrig wat gerig is tot alle mense.

“Jy mag naas My geen ander gode hê nie”. “Jy mag nie moord pleeg nie. Jy mag nie egbreek pleeg nie. Jy mag nie steel nie” (Eksodus 20; vergelyk Leviticus 18:6,20,22,23). “Bekeer julle en glo die evangelie” (Markus 1:15). “Neem die Here Jesus Christus aan”. “Wandel in Christus”. “Word in Christus gewortel en opgebou” (Kolossense 2:6-7). “Vergewe mense hulle oortredings” (Matteus 6:14). “Julle moet julle vyande liefhê; doen goed aan die mense deur wie julle gehaat word; seën die mense deur wie julle vervloek word; bid vir die mense deur wie julle sleg behandel word.” (Lukas 6:27-28). Moenie met ongelowiges in dieselfde juk trek nie (Moenie trou met 'n nie-Christen (ongelowige) nie (2 Korintiërs 6:14). Hierdie spesifieke onderrig word God se morele wil genoem.

- Voorbeelde van spesifieke onderrig wat gerig is tot 'n spesifieke groep mense of spesifieke omstandighede.

Die gebooe m.b.t. die offerandes en tiendes was gerig tot God se Ou-Testamentiese volk, Israel (Maleagi 1:1,6-14; 3:6-12). Die bevel om al jou besittings te verkoop en aan die armes te gee, was gerig tot die ryk man (Markus 10:21). Liggaamlike besnydenis was net bedoel as teken en seël van God se genadeverbond aan sy volk gedurende die Ou-Testamentiese periode (Genesis 17:9-14; Galasiërs 5:3-4; 6:12-15). Die doodstraf mag alleen deur die owerheid uitgevoer word aan mense wat met voorbedagte rade moord gepleeg het (Genesis 9:6; Exodus 21:12; Numeri 35:16,30-33; Deuteronomium 19:11-13; Richters 9:24; 2 Koningen 14:5-6; Matteüs 26:52; Romeinen 13:4).

'n Christen moet dus leer om die Bybel korrek te vertolk. Dit is raadsaam om by hierdie proses ander ervare of deskundige Christene in te skakel. Soms is 'n Christen onseker hoe hy 'n korrekte praktiese toepassing van 'n spesifieke onderrig, bevel of verbod moet maak. Dan moet hy God se Gees betrek deur gebed en ander bekwame Christene inskakel deur hul raad te vra. God sal sy denke, hart, wil en daede lei deur sy Heilige Gees (Psalm 143:8-10).

(2) Die algemene onderrig (God se wysheid).

Lees Psalm 32:8-10; Jesaja 48:17; Jakobus 1:5-8.

Onderrig. God se algemene onderrig bestaan uit alle algemene gebooe, verbodings en onderrig in die Bybel en word God se wysheid genoem. Dit leer mense wat wys of dwaas is in God se oë. God beveel mense om sy wysheid te gebruik as hulle besluite neem en keuses of planne maak.

Soms word die Christen gekonfronteer met 'n belangrik besluit. Hy kan geen duidelike instruksie van God in die Bybel vind nie, maar word wel gedwing om tussen twee moontlike weë te kies. In sulke gevalle het God beloof om die Christen te lei op die weg wat hy moet gaan. In Psalm 32:8-10 beloof God: “Ek wil jou onderrig en jou leer aangaande die weg wat jy moet gaan; Ek wil raad gee; my oog sal op jou wees.” In Jesaja 48:17 belowe God: “Ek is die Here jou God wat jou onderrig tot jou beswil, wat jou lei op die pad waarop jy moet gaan.” En in Jakobus 1:5-8 spoor die Bybel die Christen aan om te bid en God om sy wysheid van bo te vra.

- Voorbeelde van sake wat 'n besluit verg.

Daar is baie sake in jou lewe waar God geen spesifieke instruksie gee nie. Hoe ontdek ons God se wil in vrae soos: “Watter loopbaan moet ek in die lewe volg?” “Met welke wedergebore Christen ('n spesieke naam) sal ek trou?” “Moet ek daardie artikel koop of nie?” “Watter lewensstyl moet ek handhaaf?”

- Voorbeelde van algemene onderrig (instruksies).

Gelukkig gee God algemene bevels, verbodings en onderrig (instruksies, beginsels) in die Bybel, d.w.s. sy wysheid, om ons te help om sy wil te verstaan en die korrekte besluit, keuse of plan te maak. Byvoorbeeld:

“Beproof (vind uit) wat die Here welbehaaglik is” (Efesiërs 5:10 AOV).

“Wees baie versigtig hoe julle lewe: nie soos onverstandige mense nie, maar soos verstandiges..... probeer te wete kom wat die Here wil dat julle moet doen” (Efesiërs 5:15,17).

“Maak die beste gebruik van elke geleentheid, want ons leef in 'n goddelose tyd.” (Efesiërs 5:16).

“Laat ons ons dan beywer vir die dinge wat die onderlinge vrede en opbou bevorder” (Romeine 14:19).

In baie gevalle weet ons nie onmiddellik wat vir God welgevallig is of nie; wat in bepaalde omstandighede wys is, wat 'n goeie geleentheid is, of watter handeling die vrede en opbou bevorder. God beveel alle mense om wyse besluite, keuses en planne te maak wat gebaseer is op hierdie algemene onderrig (instruksies). As 'n Christen onseker is hoe om 'n spesifieke onderrig toe te pas, dan moet hy gebruik maak van God se wysheid en ook ander wyse Christene as raadgewers betrek. Vergelyk “Om God se leiding te soek” in handleiding 4, les 43 en Supplement 18.

(3) Die bronne vir wysheid.

Onderrig. Die bronne vir God se wysheid is:

- Die Bybel (Psalm 119:97-100)
- Gebed (Jakobus 1:5)
- Raadgewers (Spreuke 11:14)
- Ondersoek (Nehemia 2)

(4) Wyse vrae.

Onderrig. God vra vir Christene wat God se wil te wete wil kom, om sy wysheid te gebruik wanneer hulle besluite neem en keuses en planne maak. God wil hê dat Christene Hom met hulle verstand moet liefhê deur na te dink (Markus 12:30): Byvoorbeeld:

- **Lees** 1 Korintiërs 10:23. Dit leer dat 'n Christen alle dinge wat nie in die Bybel verbied is nie, mag doen, maar dat nie alle geoorloofde dinge noodwendig nuttig of opbouend is nie. Daarom moet 'n Christen vasstel watter dinge net geoorloof is en watter dinge regtig nuttig en opbouend is!
- **Lees** 1 Korintiërs 7:1,9. Dit leer dat nie alle dinge wat goed is, noodwendig die beste is nie. Daarom moet 'n Christen vasstel watter dinge maar net goed is en watter dinge regtig die beste is!
- **Lees** 1 Korintiërs 7:28,40. Dit leer dat dit wat 'n mens gelukkig maak, nie noodwendig 'n ander ook gelukkig maak nie. Daarom moet 'n Christen vasstel watter dinge probleme met hulle meebring en watter dinge regtig gelukkig maak.
- **Lees** 1 Korintiërs 16:4 en 2 Korintiërs 9:5. Dit leer dat nie alle dinge wat die moeite werd is om te doen noodwendig noodsaaklik is nie. Daarom moet die Christen vasstel watter dinge maar net die moeite werd is om te doen en watter dinge regtig noodsaaklik is.
- **Lees** Matteus 6:33. God het bepaalde prioriteite vir die Christen. Daarom moet 'n Christen vasstel watter prioriteite vir God aanvaarbaar is.
- **Lees** Spreuke 16:1-4,7,9,25,33 en Rut 2. Hulle leer dat 'n Christen altyd God se wysheid moet gebruik om verantwoordelike beslissings besluite te neem en, die beste keuses en goeie planne te maak. Daarom moet 'n Christen vasstel watter dinge 'wys' (verantwoordelik, of die beste) is. God se wysheid kan alle moontlikhede tot één ding reduseer. Maar indien daar méér dinge is wat ewe wys is, dan is hulle almal God welgevallig en mag die Christen tussen hierdie moontlikhede kies. God se soewereine mag sal hom lei en nie toelaat dat hy op die verkeerde pad beland nie.

2. God gee aan Christene die vryheid en verantwoordelikheid om bepaalde besluite self te neem.

Onderrig.

(1) Vryheid van keuse vereis verantwoordelikheid en verantwoording doen.

God het nie die mens as 'n robot geskep nie, maar na sy eie beeld (Genesis 1:27). God het ook nie elke handeling vir die mens geopenbaar of voorgeskryf nie, maar het hom die gebod gegee om God lief te hê met sy verstand, hart, wil en handeling. Hy het aan die mens 'n *verstand* gegee om te gebruik om verstandige besluite te neem en weloorwoë keuses en goeie planne te maak op die terreine waar Hy geen spesifieke openbarings (riglyne) gegee het nie. En Hy het die Christen 'n *hart en wil* gegee wat Hom vrywillig en van harte kan gehoorsaam (Markus 12:30-31). Hy het aan die mens 'n *gewete* gegee (Handelinge 24:16; Romeine 2:15) wat kan onderskei wat goed en verkeerd is in God se oë. En Hy het aan die Christen 'n *liggaam* gegee (Romeine 6:13,19) wat in staat is om God se wil uit te voer.

Daarom het God aan die mens nie net *die vermoë en vryheid* gegee om besluite, keuses en planne te maak nie, maar ook die *verantwoordelikheid* om sý wil te doen en die verpligting om *verantwoording te doen* aan Hom oor hulle besluite, keuses en planne. 'n Christen mag nooit ander beskuldig of blameer vir die gevolge van hulle eie besluite, keuses en planne nie. *By die God van die Bybel bestaan daar nie soiets soos verantwoordelikheid sonder verantwoording doen nie.*

Van God se oogpunt af is die vryheid van die mens altyd beperk. Niemand het onbeperkte vryheid net te doen wat hy in die lewe wil nie. Die spesifieke en algemene onderrig (instruksies) van God en sy soewereine beheer van alle omstandighede vorm die beperkte kader waarbinne 'n Christen sy beslissings, keuses en planne moet maak. 'n Christen moet dus sy beslissings, keuses en planne maak wat gebaseer is op God se spesifieke instruksies en algemene wysheid in die Bybel.

(2) God het aan die mens 'n groot vryheid van keuses gegee.

'n Belangrike waarheid in die Bybel is dat God in die meerderheid van beslissings/besluite wat ons neem en keuses wat ons daaglik moet maak, geen spesifieke instruksie gegee het nie! God gee aan die mens groot vryheid om beslissings/besluite te neem en keuses te maak. Oppervlakkig beskou lyk dit meer 'geestelik' as 'n Christen God se leiding soek in elke ding voordat hy optree. Maar behalwe vir die dinge wat duidelik in die Bybel geopenbaar (beveel, verbied, onderrig) word, is dit God se wil dat 'n Christen vry is om sy eie verstand, gewete en wil te gebruik. Byvoorbeeld, 'n herder lei sy skape na groen weivelde, maar hy maak geen beslissings oor watter graspol elke skaap op 'n sekere oomblik moet eet nie! Nog 'n voorbeeld: As God jou 'n horlosie gee om te gebruik, eer jy Hom dan meer deur Hom elke sekonde te vra wat Hy wil hê dat jy moet doen of deur jou horlosie te gebruik? God het aan elke mens 'n verstand, gewete en wil gegee om te gebruik!

(3) Soms kan verskillende keuses God tevrede stel.

Soms is daar meer moontlikhede om God tevrede te stel. Dan het jy die vryheid om tussen die verskillende moontlikhede te kies. 'n Christen wat nie ten volle oorgegee aan God leef nie, sal verkeerde beslissings en keuses maak. Maar 'n Christen wat ten volle oorgegee aan God leef, sal nie verkeerde beslissings en keuses maak nie!

(4) Gebiede waar God aan Christene die vryheid gee om te kies.

- **Lees** Romeine 14:1-5. 'n Christen is vry om alle soorte voedsel te eet, maar hy moenie daarmee 'n mens met swakker oortuigings in die verband laat struikel nie. Hy is vry om feesdae te vier, maar dit mag geen heidense fees wees nie.
- **Lees** 1 Korintiërs 7:8-9. 'n Christen is vry te kies om met iemand van die teenoorgestelde geslag te trou óf om ongetroud te bly.
- **Lees** 1 Korintiërs 7:39. 'n Christen is vry om te kies met wie hy/sy trou, maar die een wat hy/sy kies moet wel 'n wedergebore Christen wees.
- **Lees** 2 Korintiërs 9:6-7. 'n Christen is vry om te kies hoeveel geld hy/sy aan God se bediening in die plaaslike gemeente of aan wêreldwye sending wil gee.
- **Lees** Filippense 2:13; Handeling 16:6-10. 'n Christen wat in Christus bly, hoef nie bang te wees dat hy/sy 'n verkeerde besluit teen God se soewereine wil sal maak nie. Hierdie Bybelgedeeltes leer dat God die wil van die Christen en ook die omstandighede van die Christen sal lei in ooreenstemming met God se soewereine wil en welbehag. Ook in Genesis 24 word beskryf hoe God verskillende mense wat ver uit mekaar lewe op die regte tyd tot 'n goeie beslissing kan lei.

3. God gee aan Christene genade om besluite te maak.

Inleiding. Eksodus 34:6-7 sê: “Terwyl Hy by Moses verbygaan, roep die Here: “Ek, die Here, is die barmhartige en genadige God, lankmoedig, vol liefde en trou. Ek betoon my liefde aan geslagte en geslagte. Ek vergewe ongeregtheid, oortreding en sonde, maar Ek spreek niemand sonder meer vry nie.”

- God is geduldig met die swakhede van Christene.
- God is barmhartig teenoor Christene wat hulle bekeer van hulle verkeerde beslissings en keuses.
- God lei omstandighede van Christene op 'n soewereine wyse sodat hulle tog sy goddelike wil in hulle lewe kan doen.

(1) Foutiewe beslissings wat nie willens en wetens gemaak is nie.

Wat moet 'n Christen doen as hy tog 'n verkeerde beslissing of keuse gemaak het, sonder dat hy dit bedoel het? As 'n Christen ontdek dat hy, sonder dat hy dit bedoel het, 'n verkeerde beslissing of keuse gemaak het, en veral as daardeur 'n hele aantal onaangenaamhede ontstaan, dan kan hy begin twyfel of selfs angstig word. Dan moet hy op God se soewereiniteit en sorg steun (1 Petrus 5:7)! As 'n Christen in geloof gedoen het wat hy regtig as God se wil verstaan het, en dit tog later blyk 'n fout te wees, dan moet hy vertrou dat God in staat is om sy fout te beheer en die gevolge van sy foutiewe besluit ten goede te laat uitwerk. 'n Christen moet besef dat hy nog nie volmaak of heeltemal geheilig is nie en daarom in sy lewe foute sál maak. Maar hy moet ook glo dat God soewerein is en alle dinge ten goede laat meewerk vir hulle wat God liefhet en wat geroep is volgens sy wil (Romeine 8:28). 'n Christen mag miskien nie altyd God se volmaakte wil ken nie, maar hy moet wel altyd in geloof handel. “As 'n mens nie glo nie, is dit onmoontlik om te doen wat God wil” (Hebreërs 11:6).

(2) Opsetlike verkeerde beslissings.

Wat kan 'n Christen van God verwag as hy 'n opsetlike verkeerde beslissing/besluit geneem of keuse gemaak het en daarna hom daarvan bekeer? Die HERE het Jona beveel om na Nineve te gaan en bekering te verkondig (Jona 1:2). Die profeet Jona was bang om God se wil te doen en het doelbewus gekies om weg te vlug na 'n plek waar hy gedink het God hom nie sou bereik nie. Maar God het 'n seestorm en 'n groot vis ingespan. Toe Jona hom bekeer het, het God hom 'n tweede kans gegee om na Nineve toe te gaan en bekering te gaan verkondig (Jona 3:1-2).

Op dieselfde wyse kan God bepaalde omstandighede gebruik om jou terug te bring by Hom. Dit bewys dat God nie maar net één onveranderlike plan vir 'n Christen se lewe het nie. God het nog 'n tweede plan wat God se beste plan is in die nuwe omstandighede! As 'n Christen ongehoorsaam was aan God se eerste plan en hy het hom bekeer, dan sal God hom vergewe (1 Johannes 1:9) en in barmhartigheid 'n tweede plan gee wat net so goed is as die eerste plan! Vir Christene wat hulle steeds bekeer en terugkeer tot God, het God elke keer 'n verdere plan, wat almal goeie planne is, omdat God volmaak in sy vergewing en liefde is (Spreuke 24:16). God het bepaal dat niks en niemand Hom kan verhinder om sy plan met sy kinders uit te voer nie (Jesaja 14:24,27)! God faal nooit nie!

(3) Omstandighede waarvoor jy nie beheer het nie.

Hoe moet 'n Christen God se wil beskou, veral in sy persoonlike omstandighede wat nie geopenbaar is nie? God alleen weet wat God se verborge wil is (dus wat nie geopenbaar is nie) (Deuteronomium 29:29)! God is God en sy gedagtes en weë is baie hoër as die gedagtes en weë van mense (Jesaja 55:8-11)! God se geopenbaarde wil in die Bybel is soewerein en Hy sal altyd sy doel bereik. Maar ook God se verborge wil is soewerein en ook op hierdie gebied sal God altyd sy doel bereik! God het byvoorbeeld nie aan ons geopenbaar waarom ons in 'n bepaalde gesin gebore is nie, of waarom ons in hierdie huidige periode van die geskiedenis op hierdie plek op die aarde lewe nie (Handeling 17:16). Hy het nie aan ons geopenbaar hoe lank ons sal lewe nie (Psalm 90:10-12). Hy het nie aan ons geopenbaar waarom Hy

bepaalde omstandighede in ons lewens toelaat of waarom ons bepaalde moeilikhede in ons lewens moet deurmaak nie (Romeine 5:3-4). Maar God het wél geopenbaar dat “dat God alles ten goede laat meewerk vir dié wat Hom liefhet, dié wat volgens sy besluit geroep is” (Romeine 8:28). God se verborge wil is ook volmaak vir sy kinders! Daarom moet ’n Christen hom voortdurend oorgee en toewy aan God en vertrou/glo dat God besig is om sy volmaakte plan in hierdie omstandighede uit te werk (1 Petrus 5:7)!

4. Korporatiewe (gesamenlike) en organisatoriese besluite.

Inleiding. Dikwels moet ’n besluit in ’n groep (familiekring, raad van ouderlinge, bestuur van ’n organisasie of die regering van ’n land) geneem word. Hierdie besluite is ook onderhewig aan die beperkte raamwerk van God se geopenbaarde morele wil en wysheid in die Bybel. God gee aan geen enkele Christenleier of nie-Christenleier in die wêreld die gesag (reg) om sy eie reëls te maak en besluite te neem wat teen God se wil in die Bybel ingaan nie.

Onder Christene moet die raad van ouderlinge (die kerkraad) besluite neem en keuses maak wat alle gemeentelede raak. In die Bybel leer God die volgende verantwoordelikhede vir ’n christelike gemeente of ’n christelike organisasie (bedryf):

Ontdek en bespreek. Wat is die verantwoordelikhede van ’n christelike gemeente of ’n christelike organisasie (bedryf)?
Aantekeninge.

(1) Besluite rakende die leerstellings wat in ’n christelike gemeente geleer mag word.

Lees Titus 1:9. God het die Bybel aan Christene gegee as die absolute gesag vir menslike denke en gedrag (vir christelike leer en lewe). Die belydenisskrifte van ’n gemeente mag nooit die Bybel as hoogste gesag vir leer en lewe vervang nie! Elke Christenleier het die voortdurende verantwoordelikheid om die dogmatiese en etiese leerstellings uit die belydenisskrifte aan die Bybel te toets deur ywerig in die gemeente Bybelstudie te bly doen (Titus 1:9).

(2) Besluite rakende die leiderskap in ’n christelike gemeente of christelike organisasie.

Lees Hebreërs 13:17; 1 Petrus 5:3; Handeling 5:29; 1 Timoteus 5:20; 3 Johannes 9-11; 1 Korintiërs 5:12-13.

- Die vereiste kwalifikasies vir christelike leiers. Die gemeente moet ouderlinge aanstel op grond van die geopenbaarde vereiste kwalifikasies in die Bybel. Die gemeente mag nie kwalifikasies opstel wat in stryd is met die Bybel nie!
- Die vereiste take wat van christelike leiers vereis word. Die gemeente behoort die take van die ouderlinge te beperk tot die take wat in die Bybel voorgeskryf word: om herders en opsieners van Christene te wees, om die beheerders en bestuurders van die aktiwiteite en besittings van die gemeente te wees, om predikers en leraars van die Woord van God te wees, en om as dienaars, in plaas van heersers, die gemeente te lei.
- Beperkte gesag van Christenleiers. Die gemeente moet ook die gesag van die ouderlinge beperk tot die vereiste take in die gemeente. Die gemeentelede behoort hartlike respek en gehoorsaamheid te toon aan die ouderlinge ten opsigte van hulle verantwoordelikhede (Hebreërs 13:17). Die gesag van die ouderlinge bly beperk tot die take wat in die Bybel beskryf word. Die ouderlinge word deur Christus en die apostel Petrus verbied om heerskappy te voer oor die mense wat aan hulle toevertrou is (Matteus 20:25-28; 1 Petrus 5:3).

Christenleiers mag hulleself nie ‘profeet’, ‘hoëpriester’, ‘apostel’, ‘biskop’, ens. noem nie, want daarmee dwing hulle Christene om aan hulle ’n hoër gesag toe te ken as wat ’n ouderling toekom! Dit is ook nie korrek om aan net één persoon in die raad van ouderlinge die titel ‘priester’, ‘pastor’, ‘vader’, ‘dominee (= heer)’, voorganger’, ‘leraar’ te gee nie (Matteus 23:8-12).

Christene is nooit verplig om Christenleiers te gehoorsaam wat besluite neem en keuses maak wat die Bybelse beginsels oortree nie (Handeling 4:19; 5:29). Christene moenie toelaat dat Christenleiers beslissings neem oor hulle persoonlike lewe nie (byvoorbeeld: by watter gemeente hulle moet aansluit, wat hulle in die gemeente moet doen, hoeveel geld hulle moet gee, met wie hulle mag trou, hoeveel kinders hulle moet hê, waar en hoe hulle hul kinders opvoed, ens.). Geen ouderling of Christenleier mag die plek van die Heilige Gees inneem in die lewe van ’n ander Christen nie!

- Tug en ontslag van Christenleiers. Christene moet leiers wat ongehoorsaam aan God of aan die Bybel is, onder tug plaas (1 Timoteus 5:20) en indien nodig, ontslaan (3 Johannes 9-11; 1 Korintiërs 5:12-13).

(3) Besluite rakende christelike reëls, prosedures en die besluitnemingsproses.

- Reëls en prosedures. Die gemeente moet reëls en prosedures in die gemeente tot ’n minimum beperk; slegs tot wat daar in die Bybel vereis word. Die Christenleiers moet die christelike vryheid en christelike verantwoordelikheid van gemeentelede of organisasielede nie wegneem nie, want dit maak leiers tot *outoritêre* leiers en lede tot *wettiese* volgelinge en so word elkeen geestelik *onvolwasse* gehou. God verdoem mense wat deur die wet geregverdig wil word (Galasiërs 5:4) en Hy verwerp outoritêre leiers (Matteus 20:25-28)!
- Die besluitnemingsproses. Elke gemeente word deur “’n raad van ouderlinge” (1 Timoteus 4:14) gelei en nie maar net deur één voorganger of pastor, of wat hy ook al genoem word nie. Die ouderlinge mag nooit heers oor die ander lede wat aan hulle sorg toevertrou is nie (1 Petrus 5:3). In die tyd van die apostels was alle gewone Christene betrokke in die neem van die belangrikste besluite in die gemeente, soos die kies en aanstel van ’n nuwe apostel (Handeling 1:15-26) en in die kies en aanstel van ouderlinge (Handeling 14:23) en die kies van diakens (Handeling 6:1-7). Vandag moet hulle ook betrek word in alle belangrike besluite van die gemeente.

Ander belangrike besluite sou op die jaarlikse gemeentevergadering geneem kan word. Besluite wat hier geneem word, kan die volgende wees: besluite oor die dogmatiese vrae en leerstellings in die gemeente; besluite oor die morele standaarde en etiese belydenis van die gemeente; besluite oor die jaarplan, aktiwiteite en programme in die gemeente; besluite oor die organisasie van die gemeente; besluite oor die jaarlikse begroting en uitgawes in die gemeente; besluite oor die aanskaf van materiale en ander besittings van die gemeente; en besluite oor die tug van 'n ouderling en gemeentelede wat hulle harte verhard.

Besluite in 'n Christelike gemeente word nie deur die demokratiese metode van die meerderheid van stemme geneem nie, maar altyd op grond van volledige ooreenstemming met die Bybel enersyds en met algemene instemming van die lede andersyds. As die ouderlinge en die gemeentelede dit nie met mekaar eens is oor 'n bepaalde saak nie, moet die besluitneming uitgestel word. Dan moet die hele gemeente langer Bybelstudie doen, meer oor die saak bid en raadgewers van buite (bv. die raad van ouderlinge van 'n sustergemeente) inskakel, totdat algemene instemming met God se Woord bereik is. Dit is die verantwoordelikheid van die raad van ouderlinge om toe te sien dat dit gebeur.

D. LEER MENSE OM HULLE EIE BESLUIE TE NEEM

1. Raadgee is die verantwoordelikheid van die raadgewer, maar om die besluit te neem, is die verantwoordelikheid van die vraesteller.

Onderrig. Dit bly 'n versoeking om vir 'n vraesteller jou eie antwoord te gee i.p.v. om hom te help om die regte antwoord in die Bybel te vind en sy eie selfstandige besluit te neem! Die raadgewer moet nie die besluit vir die vraesteller neem nie! Leer daarom nuwe Christene die verskil tussen enersyds na die raad van die raadgewer te luister en andersyds die besluit self te neem.

Die raad van die raadgewer mag nooit meer wees of verder gaan as om die vraesteller te help om meer feite te ontdek en duideliker die gevolge van sy uiteindelijke besluit te begryp nie. Die besluit of keuse moet altyd deur die vraesteller self gemaak word! Hy moet altyd verantwoordelik bly vir sy eie besluite, keuses en planne en vir al die gevolge van sy besluite, keuses en planne. Die raadgewer mag nie aan die vraesteller vertel wat hy moet doen nie, want die vraesteller kan dan die raadgewer blameer vir sy dade en die gevolge daarvan, as sy raad nie goed blyk te wees nie! 'n Christen-raadgewer moet nooit tussen God en die vraesteller gaan staan nie. In 2 Korintiërs 1:24 sê die apostel Paulus: "Ons wil nie as heersers voorskryf wat julle moet glo nie. Julle staan immers vas in die geloof. Maar ons wil medewerkers wees om julle geluk te bevorder."

2. Die raadgewer het die verantwoordelikheid om 'n voorbeeld te stel, maar die vraesteller het die verantwoordelikheid om die voorbeeld te volg

Onderrig. Miskien klink dit wel soos 'n troos vir die vraesteller as die raadgewer hom vertel wat hy in 'n soortgelyke situasie besluit en gedoen het. Maar dit is beter as die raadgewer die voorbeelde van sy eie beslissings, keuses en dade in soortgelyke situasies nie aan die vraesteller vertel nie, want die vraesteller kan dit ook sien as God se wil vir hom! Die raadgewer moet die vraesteller motiveer met die Bybelse beginsels en nie met sy eie voorbeelde nie. Die raadgewer moet die vraesteller aanspoor om sy eie toepassings van die Bybelse waarheid te maak en dan ook sy eie besluit te neem of keuse te maak. Die raadgewer moet dit baie duidelik maak dat die vraesteller 100% verantwoordelik bly vir sy eie besluit of keuse, vir sy dade of gedrag en uiteindelik ook vir die gevolge daarvan.

3. Die beoordeling van die raad van 'n ander raadgewer of die beoordeling van die besluit van die vraesteller is nie die raadgewer se verantwoordelikheid nie.

Onderrig. Die raadgewer moet versigtig wees om nie die raad/advies van 'n ander raadgewer af te kraak nie, tensy dit lynreg teen God se Woord in die Bybel ingaan. Hy moet versigtig wees om nie die finale besluit of keuse van die vraesteller te veroordeel of te beoordeel nie, tensy dit lynreg teen God se Woord ingaan. Die vraesteller is uiteindelik alleen verantwoordelik teenoor God en moet verantwoording doen aan God. Moet nooit 'n vraesteller beskuldig van 'n gebrek aan geloof nie. God gee nie aan almal dieselfde hoeveelheid geloof nie. Skugter Christene het eerder aanmoediging en bemoediging nodig (1 Tessalonisense 5:14)!

Gevolgtrekking. Die taak van die raadgewer is om die ondervraer te help om soveel as moontlik feite te ontdek, sy eie besluit te neem of keuse te maak, sy eie plan van aksie op te stel en uit te voer en volle verantwoordelikheid vir die gevolge van sy besluit of keuse te neem.

5	GEBED (8 minute)	[REAKSIES] GEBED IN ANTWOORD OP GOD SE WOORD
----------	------------------	---

Bid saam met mekaar as antwoord op wat God gesê het. Laat elkeen in die kring om die beurt kort (in één of twee sinne) bid en teenoor God reageer op wat hy in hierdie byeenkoms van Hom geleer het.

Deel die voorbereiding vir die volgende keer op 'n stukkie papier uit of laat die groeplede dit neerskryf.

1. Toewyding. Wy jou steeds daaraan toe om dissipels te maak en die gemeente van Jesus Christus op te bou.
2. Verkondig, onderrig of bestudeer die studie oor “Advisering en besluite” saam met 'n persoon of 'n klein groepie mense.
3. Persoonlike tyd met God. Hou stiltetyd met God uit ongeveer 'n halwe hoofstuk per keer uit Hebreërs 4 – 7. Maak gebruik van die verkose Bybelvers of die gunstelingwaarheid metode en maak kort aantekeninge.
4. Memoriserings. Mediteer en memoriseer die nuwe Bybelvers. (14) Johannes 14:6. Herhaal elke dag die laaste vyf Bybelverse wat jy uit jou kop geleer het.
5. Bybelstudie. Berei die volgende Bybelstudie tuis voor. Johannes 15. Maak gebruik van die vyf stappe metode en maak kort aantekeninge.
6. Gebed. Bid vir iemand of iets spesifiek en sien met verwagting uit na wat God doen (Psalm 5:4).
7. Hou jou aantekeninge op datum. Sluit jou aantekeninge oor stiltetyd, memoriserings, jou Bybelstudie en hierdie opdrag in.